# HOOFSTUK 4

## *NYWERHEIDSGROEI EN DORPSUITBREIDING TOT 1939*

### 4.1 **Industrialisasie tussen die wêreldoorloeë**

Industrialisasie in Suid-Afrika tot 1914 het hoofsaaklik aan die plaaslike behoeftes voldoen. Wêreldoorlog 1 het 'n ommeswaai in hierdie patroon tot gevolg gehad. Dit was veral die vraag na uitvoerprodukte, wat deur die oorlogvoerende Europese lande geskep was, wat industrialisasie in Suid-Afrika bevorder het. Intense industrialisasie het veral sedert die middelperiode van die wêreldoorlog plaasgevind.[1]

Aangesien die invoer van noodsaaklike yster- en staalprodukte gedurende die wêreldoorlog so te sê tot stilstand gekom het, het dit hoër binnelandse produksie tot gevolg gehad. Dit was die enigste manier om die tekort aan noodsaaklike produkte aan te spreek.[2] Staalnywerhede en steenkoolmyne moes noodgedwonge hul produksie dienooreenkomstig aanpas. Oorlogtoerusting is ook vervaardig, weens die mark wat skielik daarvoor geskep was.[3]

Dié proses is na afloop van die oorlog voortgesit. Dit het plaaslike produkte in mededinging met oorsese produkte geplaas. Behalwe vir die produkte wat nie deur plaaslike produksie vervang kon word nie, het die vraag na binnelands vervaardigde

---

[1] G.C.R. Bosman, *The industrialization of South Africa*, pp. 20-25.

[2] V. Bosman (red.), *Nywerheidsontwikkeling in Suid-Afrika...*, pp. 45-46.

[3] C.S. Richards, *The iron and steel industry in South Africa*, pp. 50-55; M.C. van der Merwe, Vereeniging - industrial giant..., p. 18.

produkte toegeneem.[4] Sodoende is kapitaal eerder binnelands aangewend en toegelaat om te groei.[5]

Verder was die grondslag vir die vestiging van yster-, staal- en ingenieursbedrywe in Suid-Afrika gelê. Op sy beurt het dit die totstandkoming van verskeie kleinsakeondernemings en ingenieursbedrywe in veral die Suid-Transvaal tot gevolg gehad. Hierdie ondernemings het 'n noodsaaklike en ondersteunende rol tot die mynboubedryf vervul. Die beskikbaarheid van opgeleide werkers was 'n belangrike faktor ter oorweging van die vestiging van staal- en yster ingenieursbedrywe, dit wil sê die sekondêre nywerheidsektor.[6] Bevolkingsvestiging was sodoende in die hand gewerk. As deel van die ekonomiese siklus was industriële ontwikkeling deur 'n toename in die bevolking gestimuleer.[7]

Teen 1917 het die yster- en staalindustrie, hoofsaaklik in die Pretoria-Witwatersrand-Vereenigingstreek (PWV), belangrike veranderinge ondergaan. Meer verwante nywerhede is gestig. Van hulle was nader aan die Randse goudmyne. Dit het eerstens USKO se aansien as alleenverskaffer geknou en dit tweedens in 'n ongekende situasie van mededinging geplaas. Derdens het dit negatief ingewerk op Marks se poging om 'n kunsmatige mark vir steenkool te skep.[8] Indien werkersgetalle as meetsnoer gebruik word, het hierdie tendens 'n negatiewe uitwerking op USKO oor die korttermyn gehad. USKO het teen 1916 aan 113 blankes en 252 nie-blankes werk verskaf. Hierdie getalle het in 1917 tot 180 blankes en 300 nie-blankes toegeneem. 'n Daling het teen 1918 plaasgevind toe slegs 117 blankes en 253 nie-blankes in diens was. Die 1917-getalle was eers weer in 1920 getroef.[9] Tabel 4.1 toon die breë groeipatroon tussen werkersgetalle

---

[4] M.C. van der Merwe, Vereeniging - industrial giant..., pp. 10, 56.

[5] VT, File 03/145, E. Rosenthal, USCO's half century, pp. 30, 33.


[6] M.F. Drake, The iron and steel, metal and engineering industry..., p. 104.

[7] J.L. Finkle & R.W. Gable (eds.), *Political development and social change*, 2nd ed., pp. 407-408; vgl. tabel 3.1.

[8] M.F. Drake, The iron and steel, metal and engineering industry..., pp. 11-13

[9] C.S. Richards, *The iron and steel industry in South Africa*, p. 50.

# TABEL 4.1 : DIE TOENAME IN GETALLE WERKERS TEENOOR DIE GROEIENDE GEMIDDELDE INKOMSTE VAN USKO TUSSEN 1913 EN 1960




Bron: Anon., *Golden Jubilee...*, p. 48.

en die inkomste aan soos wat dit in die periode 1913 tot 1960 by USKO gemonitor was.[10]

Na-oorlogse ekonomiese afplatting was aan hernieude kompetisie met sowel buitelandse produkte as binnelandse aanbiedings toegeskryf.[11] Binnelandse mededinging het tot gevolg gehad dat die bestaande bronne van afvalyster opgedroog het. In September 1921 het die ekonomiese terugslag sy hoogtepunt bereik toe USKO na 'n tweedag-weekstelsel oorgeskakel het. Daar was skielik 'n ooraanbod van staalvervaardigde produkte.[12] Hierdie faktore het met toenemende arbeidsonrus gepaard gegaan.[13] Nieteenstaande hierdie negatiewe faktore, het buitelandse beleggers 'n toenemende belangstelling daarin getoon om USKO uit te brei.[14] Ten tyde van hierdie verwikkelinge het Sammy Marks in 1920 gesterf.[15]

Die totstandkoming van *Pretoria Iron Mines*, in 1917, het teen 1928 op die stigting van Suid-Afrikaanse Yster en Staal Industriële Korporasie Beperk (YSKOR), met staatsinisiatief, uitgeloop. Die staat het steeds by USKO op voorkeurbehandeling aangedring. Hierdie beperkende maatreël het die teenkanting van die USKO-bestuur uitgelok.[16] In 'n poging om hierdie probleme te oorbrug, is 'n projek in 1925 geloods om 'n kunsmatige en bykomende mark vir USKO-produkte te skep. 'n Tweede fabriek, genaamd USKO-Klipwerke, is opgerig. Om die twee fabrieke van USKO te onderskei, het die ouer fabriek die naam USKO-Vaalwerke gekry. Op 24 April 1925 het USKO-Klipwerke met produksie begin. Klipwerke was ongeveer twee kilometer noord van die dorp, naby aan die Kliprivier, geleë en het in die vervaardiging van draad gespesialiseer. Vaalwerke, daarenteen, was suid van die

---

[10] Anon., *Golden jubilee (1911-1961), The Union Steel Corporation (of South Africa), Limited* {to commemorate the 50th anniversary of USCO}, p. 48 {tabel 4.1, p. 94-keersy}.

[11] G.C.R. Bosman, *The industrialization of South Africa*, p. 28.

[12] F.O.F. van Aswegen, Die geskiedenis van Vereeniging..., p. 111.

[13] M.F. Drake, The iron and steel, metal and engineering industry..., p. 13.

[14] C.S. Richards, *The iron and steel industry in South Africa*, p. 56.

[15] D.W. Krüger (hoofred.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek*, deel 2, p. 540.

[16] C.S. Richards, *The iron and steel industry in South Africa*, pp. 56-64.

dorp aan die Vaalrivier opgerig.[17] Ru-staal, wat by Vaalwerke vervaardig is, was na Klipwerke vir verwerking geneem.[18] Dié 1925-projek het dit ten doel gehad het om die uitwerking van die na-oorlogse terugslae teen te werk.[19]

Die regering asook die direksies van YSKOR en USKO, was terdeë onder die indruk dat dit nie wenslik was om twee groot staalreuse in Suid-Afrika teen mekaar te laat meeding nie. Derhalwe was verskeie stappe gedoen om USKO en YSKOR te laat saamwerk en selfs te laat amalgameer.[20] Teen 1926 het die koalisieregering van J.B.M. Hertzog en F.H.P. Creswell dit al hoe sterker oorweeg om die Pretoria-onderneming te nasionaliseer.[21] Die staat het nie alleen 'n groot aandeelhouer van YSKOR geword nie, maar het ook gesorg dat USKO gedurende 1930 deur YSKOR oorgeneem is.[22]

'n Afvaardiging, wat raadslede van Vereeniging ingesluit het, het onderhandelings met die regering aangeknoop om die oprigting van YSKOR te bespreek. Hul eerste versoek, dat daar van die regering se plan afgesien moes word, is in April 1927 van die hand gewys. YSKOR was, teen alle besware in, in Maart 1928 met staatsondersteuning gestig.[23] Die totstandkoming van YSKOR (Pretoria) en later die totstandkoming van die Vanderbijlparkwerke, het 'n potensiële terugslag vir die voortgesette groei en ontwikkeling van Vereeniging ingehou. YSKOR was direk in mededinging met USKO.[24]

---

[17] Anon., *USKO - Geleenthede,* pp. 1-2.

[18] *Die Vaderland,* 12.09.1953: Berig.

[19] Vgl. F.O.F. van Aswegen, Die geskiedenis van Vereeniging..., p. 110.

[20] C.S. Richards, *The iron and steel industry in South Africa,* pp. 69-86.


[21] Union of South Africa, *Debates of the House of Assembly: third session, fifth parliament,* no.7, 01.06.1926, column 4519.

[22] C.S. Richards, *The iron and steel industry in South Africa,* pp. 122-127.

[23] VT, File 03/145, E. Rosenthal, USCO's half century, p. 47; C.S. Richards, *The iron and steel industry of South Africa,* pp. 121, 124-125; YSKOR, Vanderbijlpark, *YSKOR - 1001 Loopbane* (Brosjure om YSKOR se beroepsmoontlikhede bekend te stel, s.a.), p. 1-keersy.

[24] F.L. Coleman (ed.), *Economic history of South Africa,* p. 221; M.C. van der Merwe, Vereeniging - industrial giant..., pp. 18-19.

**TABEL 4.2 : DIE PER TONNEMAAT TOENAME IN STAALPRODUKSIE VAN USKO VANAF 1913 TOT 1960**




Bron: Anon., *Golden Jubilee...*, p. 48.

'n Ooreenkoms is in April 1930 tussen YSKOR en USKO bereik. Daarvolgens sou die twee nywerhede elk verskillende produkte vervaardig.[25] Nadat dié ooreenkoms aangegaan is, het USKO dit voortaan op die vervaardiging van gietstukke, besondere staalsoorte en koperdraad toegespits.[26] YSKOR (Vanderbijlparkwerke) het later die vervaardiging van plaatprodukte behartig.[27] Op kleiner skaal was daar sedert die wêreldwye depressie van 1930 tot 1933 eksperimente met die vervaardiging van holboorstaal asook koper- en aluminiumgeleiers by USKO uitgevoer. Dit was egter eers tydens en na afloop van Wêreldoorlog 2 (1939 - 1945) dat toestande vir USKO verbeter het.[28] Tabel 4.2 toon dat USKO tussen 1913 en 1960 'n eweredige toename, met 'n drastiese toename gedurende Wêreldoorlog 2, in produksie ervaar het.[29] Die teenwoordigheid van USKO was 'n direkte aantrekkingskrag vir nuwe toevoegings tot die dorp se lys van eerste industrieë.

Waterverskaffing was 'n onontbeerlike noodsaaklikheid vir voortgesette industriële en residensiële ontwikkeling. Dit het ook die opwekking van elektrisiteit moontlik gemaak. Daarsonder was nywerheidsontwikkeling onmoontlik.[30] Die Randwaterraad se belangrikste nalatenskap aan Vereeniging was die Barage opeenhopingskema. Dié projek het die opdamming van water in die Vaalrivier vanaf 1923 bewerkstellig.[31] Water is by die opdammingspunt gesuiwer. Sodoende was water vir menslike gebruik beskikbaar gestel.[32] In 1934 is met die berging van water in die Vaaldam begin.[33]

---

[25] Anon, *Golden jubilee...*, pp. 23-31.

[26] C.M. Krüger, "Die betekenis van die yster- en staalnywerheid...", ..., p. 102.

[27] Anon., *Yskor - ontstaan, groei, werksaamhede* (brosjure, YSKOR, 1982), pp. 7, 21.

[28] Anon., *USKO - Geleenthede*, p. 1; vgl. tabel 4.1. {Inkomstegroei.}

[29] Anon, *Golden jubilee...*, p. 48 {tabel 4.2, p. 96-keersy}.

[30] R. Christie, *Electricity, industry and class in South Africa*, p. 41.

[31] Anon., "...The Vereeniging Estates", ...,p. 23.

[32] Anon., "Prosperity from coal and water", ...,p. 354.

[33] M.C. van der Merwe, Vereeniging - industrial giant..., p. 19.

Industriële uitbreiding aan die Witwatersrand het dit noodsaaklik gemaak dat elektrisiteitsvoorsiening uitgebrei word. Meer steenkoolmyne moes begin om steenkool te lewer aangesien die vraag na elektrisiteitsopwekking steeds toegeneem het. In Desember 1929 was 'n nuwe skag, die Betty-skuinsskag, gesink. Twee jaar later het dié skuinsskag, oos van die uitgewerkte Betty-skag en op die perseel van die *Central East*-myn, steenkool met 'n vervoerkapasiteit van 350 ton per uur begin produseer. Klip-kragstasie is opgerig en die nuwe Springfield-steenkoolmyn was ook ge-open, ses kilometer noord van Vereeniging en tussen die hoofweg na Johannesburg en die spoorlyn na Germiston. Die twee skagte by Springfield, naamlik Oos- en Wesskag, het onderskeidelik sedert 1934 en 1937 steenkool gelewer. Hiermee het die nuwe Klip-kragsentrale, wat aan die Springfield-myn gegrens het, teen 1936 reeds 'n uitset van 350 000 kW aan elektrisiteit gelewer.[34] Vereeniging het mettertyd die grootste konsentrasie kragsentrales in die wêreld gehuisves.[35]

Voordat die twee skagte by die Springfield-steenkoolmyn gesink is, was die boonste steenkoollaag van die *Old Meyerton*-myn ontgin. Die bestuur van laasgenoemde myn het gereeld verwissel. In 1933 was dit by die Cornelia-steenkoolmyn ingeskakel. In die jaar daarop het dit die eiendom van ***Springfield Collieries, Limited*** geword. Die *Old Meyerton*-myn was daarop gesluit en werksaamhede is na die Springfield-myn verskuif. Ontginning by die *Old Meyerton*-myn was nie baie suksesvol nie. Die bolaag was baie dun. Nietemin was daar 442 592 ton steenkool tot 1934 by dié myn ontgin.[36]

---

[34] P.J. Rossouw & H.N. Visser (reds.), ...*die steenkoolveld Vereeniging-Clydesdale...*, pp. 5, 18, 23; vgl. kaarte 1.3 {ligging van die myn en steenkoolveld} en 5.4 {die ligging van Klip-kragstasie}.

[35] Anon., "Prosperity from coal and water", ..., p. 354.

[36] P.J. Rossouw & H.N. Visser (reds.), ...*die steenkoolveld Vereeniging-Clydesdale...*, pp. 5-6; vgl. kaart 1.3.

Die voorkoms van steenkool in die bolaag van die Springfield-myn was van beter kwaliteit. Ontginning van steenkool aldaar het egter met gevare gepaard gegaan, wat kleistortings en 'n ongelyk vloer ingesluit het. Dieper steenkoollae het ook van swak gehalte getuig. 'n Groot vraag na steenkool het met die oprigting van die Klip-kragsentrale, reg langs die Oosskag van die myn, ontstaan. Dit het tot gevolg gehad dat die leeftyd van die myn ingekort was. Die bolaag, wat tussen 20 en 30 voet (ses tot nege meter) in dikte gewissel het, het nogtans gemiddeld 230 000 ton steenkool per maand gelewer.[37]

Die teenwoordigheid van USKO en die beskikbaarheid van water en elektrisiteit het dit vir voornemende beleggers aanloklik gemaak om bykomende industrieë in Vereeniging te vestig. USKO het potensiële beleggers uitgenooi om hierdie moontlikheid te ondersoek.[38] As uitvloeisel het ***Stewarts and Lloyds of South Africa, Limited*** (kortweg S&L) gedurende 1927 in Vereeniging tot stand gekom.[39] Dit het USKO tot voordeel gestrek toe die oprigting van YSKOR eersgenoemde se toekoms in gedrang geplaas het.[40] S&L het met die vervaardiging van die eerste naatlose pype in die suidelike halfrond begin.[41] Die pype was vir die verspreiding van onder meer gas, water en stoom vervaardig.[42]

Die twee nywerhede het nie net saam die twee belangrikste industrieë in Vereeniging geword nie, maar was ook onder die vernaamstes in die land gereken. Hul teenwoordigheid het die grondslag vir ander ontwikkeling in die omgewing gelê.[43] Verder was S&L digby USKO en selfs nog nader aan die dorpsgebied en spoorwegstasie aangelê. Die gebied waar hierdie eerste industrieë tot stand gekom

---

[37] P.J. Rossouw & H.N. Visser (reds.), *...die steenkoolveld Vereeniging-Clydesdale...*, pp. 18-19; 110-111.

[38] G.V. Swart, Die industriële ontwikkeling van Vereeniging..., p. 14.

[39] M.C. van der Merwe, Vereeniging - industrial giant..., p. 19.

[40] Vgl. C.S. Richards, *The iron and steel industry in South Africa*, p. 107.

[41] Anon., *Vereeniging* (brosjure uitgegee deur die Van Riebeeck-Feeskomitee met die driehonderdjarige herdenking van die aankoms van Jan van Riebeeck, 24.01.1952), p. 18.

[42] V. Bosman (red.), *Nywerheidsontwikkeling in Suid-Afrika...*, pp. 125-126.

[43] J.L. Finkle & R.W. Gable (eds.), *Political development and social change*, pp. 209-211; V. Bosman (red.), *Nywerheidsontwikkeling in Suid-Afrika...*, p. 127.

het, was egter teen 1939 steeds nie as industriële voorstedelike gebiede van Vereeniging geproklameer nie.

Maatskappye soos *McKinnon Chain Company, Limited* en *African Cables, Limited* het uitsluitlik ook as verbruikers van USKO-staal in Vereeniging tot stand gekom.[44] Beide is gedurende 1935 gestig.[45] Die name van die maatskappye het hul funksies aangedui. Eersgenoemde het staal vanaf USKO gekoop om 'n verskeidenheid kettings te vervaardig. Laasgenoemde het USKO-staal vir die vervaardiging van kabels aangewend. Hierdie kabels was onder andere gebruik om elektrisiteit mee te gelei.[46] Op hul beurt het die teenwoordigheid van *McKinnon Chain* en USKO nog meer beleggers na Vereeniging gelok.[47]

Groei in die landbousektor het intussen die totstandkoming van 'n meule regverdig. Sammy Marks was die dryfkrag. In 1916 was *Vereeniging Milling Company, Limited* gestig. Die meule was later onder 'n ander naam, *Vereeniging Consolidated Mills, Limited*, bedryf. Die lokaliteit van die meule was strategies. Dit was aan die mees oostelike kant van die dorpsgebied, nie baie ver van USKO nie, en reg by die spoorwegstasie geleë. Op daardie tydstip was dit nog verwyder van die beboude gebied in die dorp. Die ligging van die meule was sentraal vir plaasboere vanuit die hele distrik en selfs die Vrystaat. Die boere op die plaasgrond van *Vereeniging Estates* het ook direk by die meule baat gevind. In 1923 het *Vereeniging Estates* egter besluit om landbouprojekte op hul Transvaalse plase te staak en eerder in meer steenkoolmyne te belê.[48]

Die meegaande foto toon aan dat Vereeniging ná 1930 tot 'n aansienlike handelsentrum ontwikkel het. Die foto is vanuit Voortrekkerstraat geneem, voordat dit in 1934 geteer is. Dit het Marklaan, tot by die stadsaal op die markplein, met sy winkels en banke ingesluit. Meer landbougerigte nywerhede, veral na 1939, het in

---

[44] VT, File 03/145, E. Rosenthal, USCO's half century, pp. 57-58.

[45] R.L. Leigh, *Vereeniging - South Africa...*, pp. 167, 332.

[46] *Vereeniging and Vanderbijl Park News*, 27.10.1967: Report.

[47] C.S. Richards, *The iron and steel industry in South Africa*, p. 134.

[48] Anon., "...The Vereeniging Estates", ...,p. 23; R.L. Leigh, *Vereeniging - South Africa...*, pp. 117, 146-147.

**FOTO 4.1:**

**Marklaan vanuit Voortrekkerstraat, tussen 1930 en 1940.**

Bron: VT, Fotoversameling, 03/1311.



Vereeniging tot stand gekom. Die meule was 'n aanduiding van die meganisasie van landbou in die omgewing.[49]

Kolonel Carel Rood, die destydse voorsitter van USKO, is deur die Eerste Minister, Generaal J.C. Smuts, gevra om 'n onderneming in Vereeniging tot stand te bring wat landbou-implemente kon vervaardig.[50] Onder leiding van Rood was daar tot die stigting van *The South African Farm Implement Manufacturers* (SAFIM) in 1939 oorgegaan. Hy het, saam met dr. S. Kux, die voorsitterskap sowel as algemene bestuur behartig.[51]

Met die uitbreek van Wêreldoorlog 2 was Vereeniging reeds as 'n mynbou-, landbou-, sowel as nywerheidsontwikkelingsentrum gevestig. Laasgenoemde, dit wil sê die sekondêre nywerheidsektor, het die kern van industrialisasie in Vereeniging geword. Teen 1934 het Transvaalse myne ongeveer 6 500 ton staalmasjinerie, met 'n waarde van om en by £300 000, by die onderskeie staalindustrieë in Vereeniging aangekoop.[52] Hierdie ontwikkelings het 'n bydrae tot die aanwas van bevolking in Vereeniging gelewer. Alreeds voor die uitbreek van die oorlog het bevolkingsgetalle aansienlik toegeneem.[53]

Teen 1939 was die sentraaldorp hoofsaaklik die enigste gebied waar residensiële vestiging plaasgevind het.[54] Die nood om grond vir sowel industriële as residensiële voorstedelike ontwikkeling beskikbaar te stel, het steeds groter

---

[49] VT, Fotoversameling, 03/1311: Marklaan tussen 1930 en 1940 {foto op keersy van p. 100}; R.L. Leigh, *Vereeniging - South Africa...*, p. 80.

[50] M.C. van der Merwe, Vereeniging - industrial giant..., p. 19.

[51] Anon., "Prosperity from coal and water", ...,p. 355; *Vereeniging and Vanderbijl Park News*, 27.10.1967: Report.

[52] J.H. Dobson et al., "The manufacture of drill and other high grade steels at Vereeniging, Transvaal", *Journal of the Chemical, Metallurgic and Mining Society of South Africa*, vol. 34, Nov. 1933, p. 274.

[53] Vgl. tabel 3.1.

[54] A. Nieuwoudt, Die Vaaldriehoek as verspreide stad (ongep. D.Phil.-proefskrif, PU vir CHO, 1983), p. 136.

geword. Dit was duidelik dat die dorp 'n nuwe fase binnegegaan het. Feitlik alle beskikbare grond het òf aan *Vereeniging Estates* òf aan USKO behoort.[55]

Die blote teenwoordigheid van soveel nywerhede het 'n bepaalde aantrekkingskrag vir voornemende vestigers ingehou.[56] Dit het daartoe gelei dat 'n groot vraag na behuising ontstaan het. Die dorpsraad het in hierdie opsig 'n steeds groter wordende verantwoordelikheid gekry. Uitgediende mynbougrond het wel die moontlikheid ingehou dat dit vir voorstedelike ontwikkeling beskikbaar gestel kon word.[57] Vereeniging het sodanig gegroei dat dit intussen vir stadsraadstatus in aanmerking gekom het.

## 4.2 **Vereeniging verkry stadsraadstatus in 1926**

Die fisiese omgewing het ingrypend weens industrialisasie verander. Toenemende werksgeleenthede is geskep en vestiging in die dorp het toegeneem.[58] Dit het 'n bepaalde impak op die uitbouing van munisipale bestuur gehad. Stadsraadstatus het Vereeniging in 1926, volgens Ordonnansie nr. 11 van 1926, te beurt geval.[59] Daarna was die belange van die groeiende nywerheidsgemeenskap deur 'n stadsraad hanteer. Omvangryke dienste is aan die inwoners gelewer. Vereeniging het in 1929 as 'n afsonderlike kiesafdeling van Heidelberg afgestig. Kolonel Carel (Kallie) Rood was die eerste Volksraadslid van Vereeniging.[60]

In die tydperk ná 1930 het die besef op nasionale vlak posgevat dat Suid-Afrika, vir die daarstelling van 'n sterker ekonomie, meer industriële ontwikkeling moes

---

55 M.C. van der Merwe, Vereeniging - industrial giant..., p. 20.

56 Vgl. J.L. Finkle & R.W. Gable (eds.), *Political and social change*, pp. 209-211.

57 M.F. Drake, The iron and steel, metal and engineering industry..., pp. 135, 204.

58 Vgl. tabelle 3.1 en 4.1.

59 TA, TPB 4/1/15, Province of Transvaal, "Ordinance of the Province Transvaal", no. 11 of 1926, p. 115.

60 R.L. Leigh, *Vereeniging - South Africa...*, p. 80.

ondergaan.[61] Samewerking tussen USKO, *Vereeniging Estates* en die stadsraad was genoodsaak.[62] Aanpassings, veral wat bestuursvernuf aanbetref, moes gemaak word.[63]

## 4.3 Die verskaffing van dienste en aanvanklike dorpsuitbreiding

Die raad het 'n verskeidenheid projekte behartig in die volvoering van sy pligte. Tussen 1916 en 1918 was 'n klub vir sokker en rugby gestig. Gholfbane asook krieket- en sokkervelde was tot voordeel van inwoners beskikbaar gestel. In 1919 was 'n veldtog geloods om fondse vir die oprigting van 'n openbare hospitaal te genereer. Die hospitaal is in 1934 geopen. Sedert 1921 het die dorp elektrisiteitstoevoer geniet. 'n Nuwe stadsaal en raadsaal is op die markplein gebou en in 1923 ingewy. Afrikaanssprekende leerlinge het gedurende 1924 hul eie skoolgebou betrek, wat later Laerskool Handhawer geword het. Aan die rivieroewer was die Riviera-hotel in 1927 herbou. Dit het die dorp 'n toeriste-aantreklikheid gemaak wat die opknapping van die infrastruktuur bevorder het. Paaie in die dorp was sedert 1932 geteer. Bouwerk aan 'n brandweergebou is in Maart 1939 voltooi en die eerste personeel was kort daarna aangestel.[64]

Behalwe vir die vier bestaande subkomitees, was nog drie subkomitees tot en met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog gestig, naamlik die Parke en Eiendomskomitee, Verkeerbeheerkomitee en 'n komitee belas met nie-blanke aangeleenthede.[65] 'n Behuisingskomitee was ook gestig maar was net tussen 1920

---

[61] SAB, HEN 462/1/13: Letter, Town Clerk - Mr Quass, 05.10.1949.

[62] Vgl. Town Council of Vereeniging, Vereeniging (TCV), File 190/16, vol. 1, June 1939 - Sept. 1941: Letter, Vereeniging Estates - Town Clerk, 06.06.1939; TCV, file 94/6, vol. 1, Sept. 1942 - Oct. 1947: Letter, USCO - Council, 09.09.1947.

[63] Vgl. J.L. Finkle & R.W. Gable (eds.), *Political development and social change*, pp. 407, 416, 418.

[64] R.L. Leigh, *Vereeniging - South Africa...*, pp. 66-68; 72-74, 80, 82-84, 116-117; VT, Fotoversameling, 03/1124: Die ou Riviera-hotel; VT, Fotoversameling, 03/1751: Die Riviera-hotel wat in 1927 gebou was; VT, Fotoversameling, 03/1125: Rekreasie by die Riviera-hotel se buiteklub.

[65] P.J.J. Prinsloo (red.), Die geskiedenis van Vereeniging, pp. 150-152.

en 1922 aktief werksaam.[66] Daarmee was behuising vir die eerste keer amptelik deur die munisipaliteit van Vereeniging aangespreek. Hierdie vyfde subkomitee van die raad het die eerste behuisingskemas in die dorp geloods. Die komitee het net tot 27 September 1922 gefunksioneer. Met die eerste vergadering van die komitee was daar reeds 15 blanke aansoekers wat in die munisipale behuisingskema belang gestel het. Daar is besluit dat £33 500 deur bemiddeling van die provinsiale sekretaris, vir die oprigting van huise volgens die Behuisingswet, verkry moes word.[67]

Die Behuisingswet (Wet nommer 35 van 1920) het twee tipe behuisingskemas, naamlik 'n ekonomiese- en 'n sub-ekonomiese skema ingestel. Hiervolgens was lenings toegestaan aan mense wat staatsfinansiering vir die oprigting van 'n huis benodig het. Dit het plaaslike rade in die verskaffing van behuising ondersteun. Die ekonomiese skema het plaaslike besture toegelaat om self lenings vir die oprigting van huise te maak, in welke geval die raad die oprigting van wonings behartig het. Individue kon ook vir sodanige lenings in aanmerking kom, op voorwaarde dat hulle self vir die oprigting van die huis verantwoordelik moes wees. Die sub-ekonomiese skema, daarenteen, het net lenings aan plaaslike besture voorsien. Hierdie geld was uitsluitlik opsy gesit vir die oprigting van wooneenhede wat deur die raad verhuur sou word. Die owerheid en die plaaslike bestuur was op 'n gelyke verdelingsbasis vir enige winste of verliese verantwoordelik.[68]

Uit die totale bedrag wat aangevra is, kon aan 10 blanke aansoekers elk 'n leningsbedrag van £1 000 toegestaan word. 'n Verdere 10 aansoekers, steeds blank, kon elk met £550 gehelp word. Eersgenoemde aansoekers sou in staat wees om 'n huis van vyf tot sewe vertrekke te bou. Hierteenoor kon laasgenoemde aansoekers elk 'n huis met drie vertrekke oprig. Die geld het die raad verder in staat gestel om £6 600 vir die oprigting van ses huise, volgens die sub-ekonomiese skema, beskikbaar te stel. 'n Bykomende 12 huise, elk teen 'n boukoste van £700, kon ook volgens die sub-ekonomiese skema deur die raad opgerig word. Verder is

---

[66] TAB, T238: Inventaris van die stadsklerk, Vereeniging, 1902-1936, p. 3.

[67] TA, MVE 1/6/1: Minutes, Vereeniging Housing Committee meeting, 12.10.1920.

[68] TCV, File 94/6, vol. 1, Sept. 1942 - Oct. 1947: Memorandum of Town Clerk, 10.01.1944.

besluit om £3 000 vir behuising aan nie-blankes aan te wend. Hiermee kon 60 wooneenhede, teen 'n koste van £50 elk, vir hulle opgerig word. Die voorwaarde was egter dat hulle die £50 moes leen en self die huise moes oprig. Dit het die raad met 'n surplus van £600 gelaat.[69] Die Sentrale Behuisingsraad moes die kwessie oorweeg.[70]

'n Afgevaardigde van die Sentrale Behuisingsraad het die subkomitee se vergadering van 5 Januarie 1921 bygewoon. Volgens hom kon die hele aansoekbedrag beskikbaar gestel word. Slegs die Administrateur van Transvaal kon dit afkeur.[71] Dit het daartoe gelei dat 'n afvaardiging van die Behuisingskomitee twee dae later samesprekings met die Administrateur gevoer het. Tydens hierdie vergadering was die Behuisingskomitee daarvan verwittig dat die Administrateur van voorneme was om eers alle aansoeke van die hele provinsie te oorweeg voordat enige bedrag toegewys sou word.[72]

Die Behuisingskomitee het die vrymoedigheid geneem om, betreffende die aankoop van erwe, voorlopig onderhandelings met *Vereeniging Estates* aan te knoop.[73] Met die verwagte steun van die Transvaalse Provinsiale Administrasie (TPA) sou huise dan op hierdie erwe opgerig word. *Vereeniging Estates* se reaksie was positief. Binne die bestek van 'n paar dae is besluit dat 12 erwe, elk teen £156, beskikbaar gestel sou word.[74] Steeds moes die subkomitee die besluit van die Administrateur afwag. Daar was derhalwe besluit om die saak weer met die provinsiale sekretaris op te neem.[75]

Uitspraak is twee maande later, tydens 'n vergadering in Julie 1921, gelewer. 'n Brief was aan die subkomitee voorgelees waarin die provinsiale sekretaris sy spyt

---

[69] TA, MVE 1/6/1: Minutes, Vereeniging Housing Committee meeting, 12.10.1920.

[70] TA, MVE 1/6/1: Minutes, Vereeniging Housing Committee meeting, 24.11.1920.

[71] TA, MVE 1/6/1: Minutes, Vereeniging Housing Committee meeting, 05.01.1921.

[72] TA, MVE 1/6/1: Minutes, Vereeniging Housing Committee meeting, 13.01.1921.

[73] TA, MVE 1/6/1: Minutes, Vereeniging Housing Committee meeting, 13.01.1921.

[74] TA, MVE 1/6/1: Minutes, Vereeniging Housing Committee meeting, 24.01.1921.

[75] Vgl. TA, MVE 1/6/1: Minutes, Vereeniging Housing Committee meeting, 13.04.1921.

uitgespreek het dat geen lenings toegestaan kon word nie. Dit het 'n probleem geskep aangesien die munisipaliteit reeds 'n geruime tyd vantevore 15 leningaansoeke ontvang het. In 'n poging om die onmiddellike behuisingsvraag aan te spreek en oor 'n langtermyn groei en vooruitgang te bevorder, moes die raad dringend aan 'n oplossing dink. Derhalwe het die subkomitee, oor die moontlikheid dat individue persoonlik hul aansoeke tot die provinsiale sekretaris kon rig, besluit om hom te nader.[76] Gedurende September 1921 was die subkomitee van 'n antwoord voorsien. 'n Bedrag van £19 190 was vir individuele aansoekers in Vereeniging beskikbaar gestel.[77] Sedertdien het die subkomitee, tot en met die ontbinding daarvan in September 1922, hoofsaaklik die ontvangs, oorweging en voorlegging van aansoeke vir behuisingslenings hanteer.[78]

Meer blanke inwoners het intussen hul name op 'n waglys geplaas. Hulle het ook finansiële ondersteuning vir die oprigting van huise benodig. Gedurende 1933 was die provinsiale owerheid daarvan in kennis gestel dat die waglys by die raadskantore 30 name van voornemende blanke huiseienaars bevat het. Hulle het reeds grond besit maar was nie daartoe in staat om self 'n woning op te rig nie. Die raad het versoek dat huislenings aan hierdie mense toegestaan word.[79] Kort daarna het die stadsklerk die aangeleentheid weer onder die aandag van die provinsiale sekretaris gebring. Hy het genoem dat verskeie gesinne dieselfde huis gedeel het en dat die aangeleentheid 'n krisis vir die raad geword het. Daar is fondse gevra waarmee huise op leë erwe in die dorpsgebied opgerig kon word.[80] Die behuisingsnood in Vereeniging het vir nog jare lank 'n probleem gebly.

Groter oorweging was aan die behuising van blankes vergeleke met swart inwoners gegee. Behuising van swartmense het eers tydens die laaste genotuleerde vergadering van die Behuisingskomitee ter sprake gekom. Die mening was uitgespreek dat, omdat dit 'n sensitiewe kwessie was, dit beter sou wees indien die

---

[76] TA, MVE 1/6/1: Minutes, Vereeniging Housing Committee meeting, 25.07.1921.

[77] TA, MVE 1/6/1: Minutes, Vereeniging Housing Committee meeting, 08.09.1921.

[78] Vgl. TA, MVE 1/6/1: Minutes, Vereeniging Housing Committee meetings, 08.09.1921-27.09.1922.

[79] TA, TPB 1461, TA 23/12266: Letter, Town Clerk - Provincial Secretary, 04.07.1933.

[80] TA, TPB 1461, TA 23/12266: Letter, Town Clerk - Provincial Secretary, 23.08.1933.

Gesondheidskomitee voortaan dié aangeleentheid sou hanteer.[81] Behuising aan swartmense was 'n netelige saak vir plaaslike besture aangesien die regering nie die permanente teenwoordigheid van swartmense in die land erken het nie.[82]

Industrialisasie was by uitstek die belangrikste aanvanklike vestigingsrede van swartmense in Suid-Afrikaanse dorpe en stede.[83] Hulle wou ook voordeel uit industrialisasie trek. Hulle kon egter nie op dieselfde kwaliteit diens op plaaslike bestuursvlak aanspraak maak nie. Sedert die Eerste Wêreldoorlog, met die gepaardgaande nywerheidsontploffing, het mense van alle bevolkingsgroepe toenemend verstedelik. Kompetisie tussen arm blankes en ewe arm swart werkers het ontstaan. Arbeid het toenemend 'n rasse- en sosiale probleem geword.[84] 'n Geweldige toevloei van swart werkers het na Vereeniging plaasgevind.[85] Nie almal van hulle het in Vereeniging lokasie gewoon nie.

Vername nywerhede in Vereeniging het vanuit die staanspoor behuising volgens die kampongstelsel aan swart werkers verskaf. Die Corneliasteenkoolmyn, USKO en ***Stewards & Lloyds*** het verkies om van trekarbeiders se dienste gebruik te maak. Hierdie arbeiders was dan in enkelkwartiere op die fabriekswerf gehuisves. Tot twee derdes van die swart werkers in Vereeniging het in die agterplase van fabrieke en op nywerheidspersele gewoon. ***Brick and Tile Company*** het, benewens enkelkwartiere, ook huisvesting aan getroude werkers verskaf. Dit het tot die ontstaan van 'n sogenaamde privaat swart woonbuurt, by name Mafumê, aanleiding gegee. USKO het 'n soortgelyke metode gevolg. Huisvesting aan getroude administratiewe klerke van USKO was in 'n ander privaat swart woongebied verskaf. Laasgenoemde woonbuurt het Mashogeng geheet.[86]

---

[81] TA, MVE 1/6/1: Minutes, Vereeniging Housing Committee meeting, 27.09.1922.

[82] Vgl. H.C. Marais (ed.), *South Africa: perspectives on the future*, p. 94.

[83] Anon., Industrial development in South Africa (unp. paper, National municipal council's conference, n.d.), pp. 1, 9.

[84] G.C.R. Bosman, *Industrialization of South Africa*, pp. 129-130; 136.

[85] Vgl. tabel 3.1.

[86] T.S. Plaatjie, Retelling the heroic history of Sharpeville..., p. 1; P.J.J. Prinsloo, Die geskiedenis van Vereeniging, p. 94.

Vereeniging lokasie het, benewens die uitkoms wat nywerhede ten opsigte van vestiging gebied het, te klein geword. Dit was noodsaaklik dat die munisipale swart woongebied vergroot moes word. Aanvanklik was die lokasie nie as 'n woonbuurt erken nie omdat dit 'n plakkerskamp was wat spontaan ontstaan het. Swart plakkers wat op oop erwe in 'n afgeleë hoek van die dorpsgebied woonagtig was, is in die jare ná Uniewording deur die raad na die lokasie verskuif. Dit sou later blyk dat dit nie 'n deurdagte skuif was nie. Dokumentasie verwys na die woongebied as "Vereeniging lokasie". Later was na dieselfde oord as Toplokasie verwys. Toplokasie was teen 1932 sodanig vergroot dat dit net meer as 61 morg (52 ha) beslaan het. Dit was op die dorpsgronde, voorheen deel van die plaas Leeuwkuil, sowat een kilometer noord van die dorpsgebied uitgebrei.[87] Toplokasie was weliswaar die eerste voorstad van Vereeniging.

Die naam Toplokasie het 'n onduidelike oorsprong. In Noord-Sotho beteken die woord *topa* "hier en daar op(ge)tel" of "behoeftig of arm wees, gebrek ly". Dit was moontlik dat die naam hierin sy oorsprong gehad het.[88] By dieper ontleding dui die woord ook op "eenheid of saamvoeging". Die naam kon ook 'n geografiese oorsprong gehad het aangesien die lokasie hoër as die dorp ten opsigte van die rivier geleë was. Wat ookal die oorsprong was, was die naam deur die inwoners gebruik lank voordat dit as amptelike verwysing gedien het. Die benaming Toplokasie is eers jare later in dokumente gebruik.[89]

---

[87] Vgl. TCV, File 130/2-Bantu Affairs (BA): Report, Vereeniging Municipality, Location Riots Commission, 1937; TCV, File 130/2-BA: Letter, Bowman, Gilfillan & Blacklock - Town Clerk, 27.04.1947; TAB, SRP 5/90, Unie van Suid-Afrika, "Munisipaliteit van Vereeniging - Uitbreiding van naturellelokasie", proklamasie nr.1704, *Staatskoerant*, vol. 110, nr. 82, 30.12.1932, p.737; R.L. Leigh, *Vereeniging - South Africa...*, p. 66; kaart 2.3.

[88] T.J. Kriel, *Pukuntsu - Woordeboek, Noord-Sotho/Afrikaans*, p. 312.

[89] S.B. Taaso, Mondelingse oorlewering tydens *'Sharpeville oral workshop'*, Vaal Teknorama, Vereeniging, 20.02.1999 {Inligting in besit van skrywer}; vgl. TCV, File 130/2-BA: Letter, Bowman, Gilfillan & Blacklock - Town Clerk, 27.04.1947.

Die vroeë stadsvaders het skynbaar nie die volle impak van industriële groei op Vereeniging voorsien nie. Hulle het ook nie voorsien dat die trekarbeiders se teenwoordigheid tot permanente vestiging in die lokasie sou lei nie. Die aanvanklike *laissez faire*-houding van die dorpsraad het later 'n probleem geword. Toplokasie het reeds voor die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog 'n obstruksie vir verdere (blanke) uitbreidings geword. Die besluit was derhalwe geneem om die inwoners van die lokasie na 'n nuwe gedeelte, suidwes van die dorp, te verskuif. Dit het daarop uitgeloop dat geen verbeterings aan huise in Toplokasie toegelaat was nie. Sodoende was inwoners beperk tot die mate waartoe 'n eis ter kompensasie later ingestel kon word.[90] Die Rooms-Katolieke Kerk het byvoorbeeld in 1936 net toestemming verkry om 'n saal op te rig wat ook as 'n skool benut kon word. Die kerk moes ook onderneem om later geen kompensasie te eis nie.[91]

Verskeie wette, wat segregasie bevorder het, is tussen 1923 en 1936 aangeneem. Elk van hierdie wette het verreikende gevolge vir nie-blankes ingehou. Volgens die Swart (Stadsgebiede) Wet van 1923 was swartmense verbied om eiendomsreg op grond in stedelike gebiede te besit. Swartmense se teenwoordigheid in stedelike gebiede is vervolgens gereguleer. Daar was van werkgewers verwag om 'n bydrae tot die verskaffing van behuising aan swart werknemers te lewer. Plaaslike rade was verder ook verplig om by hierdie proses betrokke te wees.[92]

[90] T.S. Plaatjie, Retelling the heroic history of Sharpeville..., p. 1; TCV, File 130/5-BA, vol. 5: Letter, Manager Non-European Affairs Department - Town Clerk, 28.04.1950.

[91] TCV, File 130/2-BA: Letter, Town Clerk - Bishop O'Leary, 06.02.1936.

[92] C. Saunders (ed.), *Illustrated history of South Africa: the real story*, 3rd ed., pp.316-318; Anon., Industrial development in South Africa,..., p. 10.

D.B. Naudé was sedert 1928 die lokasie-superintendent in beheer van die lokasie buite Vereeniging. Hy was vyf jaar later deur H.U. Davidson opgevolg.[93] In 1933 het die raad besluit om 'n beheerliggaam ten opsigte van lokasiebestuur in die lewe te roep. 'n Naturellesakekomitee het voortaan nie-blanke aangeleenthede hanteer en beheer oor die lokasie uitgeoefen. Vyf raadslede het die komitee beman. Die lokasie is terselfdertyd in ses blokke verdeel waarin inwoners tot die verkiesing van een verteenwoordiger per blok geregtig was. Dié stelsel het egter eers vyf jaar later in werking getree.[94]

Wetgewing in 1936 het bepaal dat swartmense slegs adviserende inspraak tot 'n Naturelle Adviserende Raad gehad het. Adviesraadslede het spesifieke take behartig soos wat aan hulle deur die superintendent gedelegeer was. Nadat die blokstelsel uiteindelik in 1937 ingestel was, was aan elke blokman (adviesraadslid) die verantwoordelikheid gegee om orde in sy blok te handhaaf. Hiervoor het hulle 'n minimale vergoeding ontvang.[95] Die woongebied het, volgens die blokstelsel, uit sewe blokke bestaan. Dit was een meer blok as waarop aanvanklik besluit was. Die raad was van mening dat stemme eerder by wyse van handopsteek, tydens 'n ope vergadering, uitgebring moes word. Maar klagtes wat van die inwoners ontvang was, het daartoe gelei dat die geslote stembriefstelsel in 1938 heringestel is.[96]

'n Agtste blokman het die belange van die kleurlinggemeenskap verteenwoordig.[97] Dit blyk ook dat die meeste inwoners van die sogenaamde kleurlingblok eerder swartmense was. Die blokman wat amptelik vir die wyk

---

[93] Vgl. TCV, File 130/2-BA: Report by D.B. Naudé, Location Superintendent, n.d.; P.J.J. Prinsloo (red.), Die geskiedenis van Vereeniging, pp.441-443.

[94] TCV, File 130/2-BA: Report of the sub-committee appointed by the Vereeniging Town Council to investigate and report generally on matters relating to the conduce of the native location and especially with a view to tightening up the regulations relating to lodging in the location, 06.03.1933.

[95] TCV, File 130/2-BA: Letter, Town Clerk - Secretary of Native Affairs, 12.02.1936.

[96] TVC, File 130/2-BA: Letter, Town Clerk - Secretary of Native Affairs, 20.06.1938; vgl. C. Saunders (ed.), *Illustrated history of South Africa: the real story*, 3rd ed., pp.338-340, 535.

[97] TVC, File 130/2-BA: Letter, Coloured Committee - Council, 04.05.1936.

aangewys is, was 'n swartman.[98] Indiërs en Chinese was toegelaat om hulself in die Asiatiese Bazaar, aangrensend tot Toplokasie, te vestig.[99] Teen 1932 was 142 Asiate met hul 29 winkels reeds in die Asiatiese Bazaar woonagtig. Sewe van die winkels was groentewinkels terwyl 16 kruideniersware verkoop het. Daar was ook vier slaghuise, 'n wassery en 'n barbier.[100]

Die raad het eers in 1932 regulasies uitgevaardig waarvolgens huisvesting vir swartmense volgens die beginsel van segregasie voorsien is. Dit was egter duidelik dat segregasie lank reeds, op almal wat nie van Europese afkoms was nie, toegepas is. Raadslede wou hê dat kleurlinge in die suidelike gedeelte van die lokasie gehuisves moes word. Dieselfde reëls en regulasies was van toepassing op alle inwoners in die woongebied gemaak.[101]

Lokasieregulasies in Vereeniging het bepaal dat slegs behoorlik gekeurde inwoners die reg kon verkry om in die munisipale lokasie te woon.[102] Inwoners moes dus in besit van 'n verblyfpermit (domisillie-verlof of te wel "dompas") wees. Oor die algemeen was permitte aan enkellopende vroue geweier. Dit het tot gevolg gehad dat mans en vrouens soms voorgegee het dat hulle volgens die gewoontereg getroud was om sodoende vir 'n permit in aanmerking te kom.[103]

Goedgekeurde inwoners kon 'n standplaas, as een beskikbaar was, vir een jaar huur. Woonregte was jaarliks, indien huurgelde opbetaal was, met die uitreiking van 'n geldige permit hernu. Dit het beteken dat die owerheid woonregte kon opskort. In die geval waar 'n inwoner se regte wel teruggetrek was, het die superintendent opdrag gegee dat die huisvesting aan 'n volgende kandidaat

---

[98] TVC, File 130/2-BA: Letter, Vorster, Carter & Steyn - Town Clerk, 14.12.1936.

[99] TCV, File 130/6-BA, vol. 1: Letter, Surveyor-general - Town Clerk, 09.11.1951.

[100] TCV, File 130/2-BA: Letter, Location Superintendent - Town Clerk, 05.12.1932.

[101] TCV, File 130/2-BA: Letter, A. Smith - Vereeniging Health Committee, 03.09.1932; TCV, File 130/2-BA: Letter, W. Reynecke - Town Clerk, 19.06.1935; TCV, File 130/2-BA: Letter, G.L. Fredericks - Town Clerk, 17.11.1936.

[102] TCV, File 130/2-BA: Report by D.B. Naudé, Location Superintendent, n.d.

[103] TCV, File 130/2-BA: Letter, H.U. Davidson - Town Clerk, 15.12.1936.

verkoop word. 'n Inwoner het die reg gehad om sy gebou aan 'n ander persoon te verkoop of dit deur erflating aan 'n ander persoon toe te sê. Indien woonregte teruggetrek is, kon die inwoner appelleer. Dit het selde in Vereeniging gebeur dat 'n persoon se woonreg ontneem is.[104] Nie-betalers in Vereeniging was eerder beboet. Gedurende die 1938-finansiële jaar het die raad 'n bedrag van £494 aan boetes ingevorder.[105]

Teen 1939 was daar reeds sowat 5 000 loseerders in Toplokasie wat akkommodasie by ander standplaashuurders verkry het. Die superintendent was van mening dat hierdie mense almal werksaam was en nie noodwendig as leeglêers of plakkers beskou kon word nie. As mondstuk vir die lokasie-inwoners het hy ook vermeld dat die meeste loseerders graag standplaashuurders wou word.[106] Vroue het byvoorbeeld hul dienste aan blanke huishoudings aangebied. Hulle het dit teen 10/- per maand gedoen. Vroulike inwoners van die lokasie was ook baie by die brou van tradisionele bier betrokke. Hiervoor het hulle die teiken van munisipale polisiemanne geword. Hul ontevredenheid het tot 'n opstand in 1937 gelei.[107]

Indien 'n persoon daaraan skuldig bevind was dat hy of sy sonder 'n geldige permit in die lokasie woon, was dit as 'n kriminele oortreding beskou.[108] Standplaashuurders met geldige permitte het eiendomsreg van die geboue, maar nie van die grond gehad nie. Boonop was hulle self vir die oprigting van geskikte huisvesting verantwoordelik. Die enigste munisipale diens wat aan huurders in die lokasie gelewer was, was die sogenaamde emmer-toiletstelsel. Waterkraanpunte het verspreid in die woongebied voorgekom.[109]

---

104 TCV, File 130/2-BA: Report by D.B. Naudé, Location Superintendent, n.d.

105 TCV, File 130/16-BA: Estimates of Income and Expenditure, 1939/40, 22.09.1939.

106 TCV, File 130/16-BA, vol. 1: Letter, H.U. Davidson - Town Treasurer, 23.06.1939.

107 V. Leutso {oud-inwoner van Toplokasie, later van Sharpeville}, Mondelingse oorlewering tydens *'Sharpeville oral workshop'*, Vaal Teknorama, Vereeniging, 20.02.1999 {Inligting in besit van skrywer}; S.B. Taaso, Mondelingse oorlewering tydens *'Sharpeville oral workshop'*, Vaal Teknorama, Vereeniging, 20.02.1999 {Inligting in besit van skrywer}.

108 TCV, File 130/2-BA: Extract from the minutes of a Town Council meeting, 26.02.1935.

109 TCV, File 130/2-BA: Report by D.B. Naudé, Location Superintendent, n.d.

Volgens die 1923-wetgewing is voorsiening vir die daarstelling van 'n Naturelle inkomsterekening gemaak. Alle gelde wat in die swart woongebied ingevorder is, moes in hierdie rekening inbetaal word. Dit het huurgelde, loseerdersfooie, boetes, honde- en fietslisensiegelde asook begrafnisfooie ingesluit. Die geld moes weer alles vir die verskaffing van dienste aan inwoners van die lokasie aangewend word. Dit blyk dat die raad in sommige gevalle 'n breër vertolking van die begrip 'dienste' as die Departement van Naturellesake gehad het. Die raad het byvoorbeeld 'n versoek ingedien om £100 uit die fonds te neem om aan vierings van die kroningsplegtigheid van Koning George V van Brittanje in 1937 mee te doen. Dit het die genoemde staatsdepartement genoop om die raad daarop te wys dat dit geensins 'n diens was nie en ook glad nie tot voordeel van die swart gemeenskap sou strek nie. Klem was daarop gelê dat die geld uitsluitlik vir die verbetering van die swart woongebied aangewend moes word.[110]

Vereeniging se Naturelle inkomsterekening het hoofsaaklik heffings op die verskaffing van water en sanitasie, loseerderpermitte en standplaashuur as vernaamste bronne van inkomste gehad. Slegs een straat van die lokasie was teen 1936 van straatligte voorsien. Straatnaamborde was eers in 1937 voorsien en ook net omdat die poskantoor geweier het om met posaflewering voort te gaan indien behoorlike straatname nie gegee word en dit op naamborde duidelik aangetoon is nie. 'n Dameshostel was in 'n plaaslike poskantoor omskep.[111] Water was deur middel van 26 krane verskaf, wat op sentrale punte geplaas is. Geen stormwaterdreineringstelsel en rioolstelsel is aangebring nie. Afspoelwater het in die dienslane uitgespoel. Twee stortblokke, elk met vyf storte vir mans en dieselfde hoeveelheid vir vrouens, het die gemeenskap van wasgeriewe voorsien. Hierbenewens het die oorbevolkte woongebied steeds uitgebrei. Teen 1932 het die lokasie uit 807 woonerwe bestaan. Hiervan was 16 standplase as oop ruimtes beskou waarvan ses as handelspersele gereserveer en 14 erwe aan kerke toegeken was. Standplase was in blokke gegroepeer met 'n straat van 15

---

[110] TCV, File 130/2-BA: Letter, Secretary of Native Affairs - Mayor of Vereeniging, 08.04.1937.

[111] TCV, File 130/2-BA: Report of inspection at Vereeniging by Inspector of urban locations, 01-02.02.1937; TCV, File 130/2-BA: Letter, Town Clerk - District Engineer, 12.01.1938.

voet (4,6 m) breed voor en 'n smal dienslaan aan die agterkant. Persele was ná 1923 tot 50 x 75 voet (44 $m^2$) vergroot met strate van 30 voet (9,2 m) breed.[112]

Opgehoopte kapitaal en winste in die Naturelle inkomsterekening het dit moontlik gemaak om meer uitbreidings te inisieer.[113] Fondse was vir die oprigting van ses hostelle met slaapplek vir 200 mans elk beskikbaar gestel. Drie hostelle vir vrouens was ook opgerig. In die jare wat die uitbreek van Wêreldoorlog 2 voorafgegaan het, was ses drievertrekhuise en 36 tweevertrekhuise met die surpluskapitaal opgerig. Die huise was deur die raad verhuur. Alle ander huise in die woongebied was deur die eienaars self opgerig. 'n Gemeenskapsaal, 'n huis en kantore vir die superintendent asook 'n dorpsplein, met 'n groot sementblad en tennisbane, was op oorblywende leë standplase opgerig. 'n Stuk grond, aangrensend tot die woongebied, was in twee sokkervelde omskep. Die sokkerspanne van Toplokasie was gedugte spanne.[114]

Reeds teen 1935 was dit duidelik dat die lokasie binne die volgende dekade deur industriële en blanke residensiële voorstede omring sou word. Derhalwe het die raad besluit dat die verdere ontwikkeling en uitbreiding van die woongebied nie toelaatbaar was nie.[115] Teen 1936 het Vereeniging reeds meer as 19 000 inwoners gehad. Ruim 76% hiervan was nie-blank.[116] Die lokasie was oorvol, industriële ontwikkeling rondom die bestaande dorpsgebied het reeds 'n beperking op verdere uitbreiding geplaas en die bestaande infrastruktuur en nywerheidsontwikkeling het 'n aantreklike oorweging vir voornemende beleggers

[112] TCV, File 130/2-BA: Report of inspection at Vereeniging by Inspector of urban locations, 01-02.02.1937'.

[113] Vgl. TCV, File 130/2-BA: Letter, Secretary of Native Affairs - Town Clerk, 08.07.1935.

[114] TCV, File 130/2-BA: Report of inspection at Vereeniging by Inspector of urban locations, 01-02.02.1937; S.B. Taaso, Mondelingse oorlewering tydens *'Sharpeville oral workshop'*, Vaal Teknorama, Vereeniging, 20.02.1999 {Inligting in besit van skrywer}.

[115] TCV, File 130/5-BA, vol. 5: Letter, Manager Non-European Affairs Department - Town Clerk, 28.04.1950.

[116] Vgl. tabel 3.1.

geword. Teen hierdie agtergrond het Vereeniging voorstedelike uitbreiding buite die dorpsgronde betree.

Dorpsuitbreiding kon hoofsaaklik net in 'n noordelike rigting geskied, oor 'n gebied wat van oos na wes tussen die riviere gestrek het. Toplokasie was direk noord van die dorpsgebied geleë en het uitbreiding in daardie rigting verhinder. Dit sou moeilik wees om volgens die standaarde van segregasie bykomende blanke uitbreidings in dieselfde rigting aan te pak sonder om drastiese verskuiwings te maak. Nywerhede het aangrensend noordoos, oos en suidwes van die dorpsgebied voorgekom. Dit het residensiële uitbreiding van die dorpsgebied aansienlik beperk.

Aanvanklike uitbreidings tot die dorpsgebied was hoofsaaklik tot voordeel van die landbougemeenskap. Die eerste stap in hierdie rigting was in 1932 deur kolonel Carel (Kallie) Rood onderneem. Hy was die stigter van kleinhoewes in Vereeniging. Hy het naamlik sy redelik afgeleë plaasgrond, noordwes van die roosterplandorp, onderverdeel. Gedurende 1934 was 164 morg (141 ha) grond van die plaas Houtkop, gedeelte 18, bygekoop. Rood het hierdie grond gebruik om kleinhoewes te skep. Die kleinhoewegebied het as ***Rood's Gardens*** (Roodstuine) bekend geword en was na kolonel Rood vernoem.[117]

'n Soortgelyke onderverdeling van plaasgrond het op gedeeltes 19, 21, 22, 23 en 25 van die plaas Houtkop plaasgevind. Rood, as deel van 'n konsortium, het dié grond tussen 1935 en 1937 aangekoop. Altesaam 259 morg (222 ha) is aangekoop en gebruik om die kleinhoewegebied Unitaspark te stig en twee keer uit te brei. Unitaspark was noord en weg van die bestaande dorpsgebied aangelê. Eiendomme in die kleinhoewegebiede is teen lae pryse beskikbaar gestel. Dit het geleentheid tot eiendomsreg vir persone geskep wat dit nie nader aan die dorpsgebied kon bekostig nie.[118]


---

[117] AKT, Registrasieafdeling IQ, band 96, plaasnommers 592-594, Folio 594/18/1: Houtkop eienaarsregister; F.O.F. van Aswegen, Die geskiedenis van Vereeniging..., p. 11; R.L. Leigh, *Vereeniging - South Africa...*, p. 86; vgl. kaart 5.1.

[118] AKT, Registrasieafdeling IQ, band 96, plaasnommers 592-594, Folio's, 594/19/1, 594/21/1, 594/22/1, 594/23/1, 594/25/1; F.O.F. van Aswegen, Die geskiedenis van Vereeniging..., pp. 11-12; R.L. Leigh, *Vereeniging - South Africa...*, p. 86; vgl. kaart 5.1.

**KAART 4.1: Vereeniging soos dit tussen 1932 en 1937 buite die dorpsgebied en die aangrensende dorpsgronde uitgebrei het.**

Bron: Anon., "Vereeniging - primed for progress", ..., p. 236 {geredigeerde kaart}.



Die kleinhoewes het buite die geproklameerde dorpsgebied tot stand gekom, soos aangetoon op kaart 4.1. As sulks het die raad geen jurisdiksie daaroor gehad nie. Die 25 kleinhoewe-eienaars het hieromtrent 'n petisie in 1936 opgestel. Hierin het hulle by die provinsiale sekretaris vir die instelling van 'n Gesondheidsraad gepleit. Die saak was deur die provinsiale owerheid na die stadsraad van Vereeniging verwys. Aangesien dit nie met die destydse regeringsbeleid gestrook het om 'n Gesondheidsraad in die onmiddelike nabyheid van 'n gevestigde munisipaliteit te skep nie, het die owerheid die munisipaliteit van Vereeniging versoek om die kleinhoewes in te lyf. Die raad het geweier, maar wel onderneem om sanitêre dienste te verskaf.[119] Weens die intensiewe ontginning wat by die Springfield-steenkoolmyn plaasgevind het, was groot hoeveelhede ondergrondse water uitgepomp. Dit het die lewering van water uit boorgate in Unitaspark benadeel.[120] Munisipale dienste was dus noodsaaklik.

Sowel die Administrateur van Transvaal as die provinsiale sekretaris het die raad versoek om hul besluit rondom die inlywing van die kleinhoewegedeeltes in heroorweging te neem. Gedurende Junie 1936 het die raad sy aanvanklike besluit herroep. Die resultaat daarvan was dat beide die twee kleinhoewegebiede sedert April 1938 by die munisipale grense van Vereeniging ingesluit is. Unitaspark het eers werklik daarna begin ontwikkel.[121]

Teen 1932 is die eerste keer oorweging geskenk aan uitbreiding van die dorpsgebied. In 1934 het die stadsraad die aangeleentheid begin ondersoek. Dit was 'n wesenlike probleem dat die dorpsgrond (dorpsmeent) nie vir voorstedelike ontwikkeling ingesluit kon word nie. Aanvanklike stappe in hierdie verband het tot konflik tussen die dorpsraad en *Vereeniging Estates* gelei. Die raad is daarop gewys

---

[119] F.O.F. van Aswegen, Die geskiedenis van Vereeniging..., p. 12; Anon., "Vereeniging - primed for progress", *Property Mail*, vol. 3, no. 11, 14.03.1969, p. 236 {geredigeerde kaart 4.1, p. 115-keersy}.

[120] P.J. Rossouw & H.N. Visser (reds.), *...die steenkoolveld Vereeniging-Clydesdale...*, p. 57.

[121] W.F.S. Senekal, 'n Stedelik-geografiese studie van Vereeniging met besondere verwysing na die grondgebruik, grond- en residensiële waardasie, taalgroepe, beroepe en denominasies (ongep. M.A.-verhandeling, US, 1959), p. 14.

dat laasgenoemde die vernaamste grondeienaar en belastingbetaler van die dorp was. Teen 1936 was 'n bedrag van £4 200 jaarliks in belasting aan die stadsraad betaal.[122] Hierdie bedrag het voortdurend gestyg.[123] As sodanig is daar op voorkeurbehandeling en seggenskap in dorpsontwikkeling aanspraak gemaak. Hierdie teregwysing het gevolg toe die raad grond by 'n ander instansie gekoop het, teen 'n goedkoper prys as waaarvoor *Vereeniging Estates* bereid was om grond te verkoop.[124]

Die stadsraad het dit oorweeg om gedeeltes van die omliggende plase aan te koop. Dit was egter as onprakties beskou dat voorstedelike ontwikkeling dan nie aangrensend tot die dorpsgebied sou kon plaasvind nie. Daar was ook nadele aan verbonde om byvoorbeeld die plaas Walddrift aan te koop. Klip-kragstasie was op die plaas en sou voorstedelike ontwikkeling belemmer. J.L. Sharpe, wat tussen 1934 en 1936 burgemeester was, het onderhandelings met *Vereeniging Estates* aangeknoop ten einde 'n ruiltransaksie aan te gaan waarmee grond vir die voorstedelike ontwikkeling van Vereeniging beskikbaar gestel kon word. Die TPA het die ruiltransaksie, waarvolgens die grondeienaars die regte op die dorpsgrond aan die stadsraad vir voorstedelike ontwikkeling sou afstaan, in 1936 afgekeur.[125]

*Vereeniging Estates* het weer in 1939, net voor die uitbreek van Wêreldoorlog 2, die inisiatief vir die proklamering van die eerste industriële voorstad van Vereeniging geneem.[126] Dit was duidelik dat die aanvanklike uitleg van die dorp voorstedelike uitbreiding belemmer het. Die dorpsgrond, wat hoofsaaklik vir landbou op klein skaal nuttig was, het die ruimtelike ontwikkelingspatroon van

---

[122] TA, TPB 21, TA 10/36: Letter, Vereeniging Estates - Provincial Secretary, 23.10.1936.

[123] Vgl. SAB, BVE 191, File 22/3, vol.1: Report of the Directors {Vereeniging Estates}, Submitted at the 50$^{th}$ annual meeting of stockholders, 22.04.1949.

[124] TA, TPB 21, TA 10/36: Letter, Vereeniging Estates - Provincial Secretary, 22.10.1936; F.O.F. van Aswegen, Die geskiedenis van Vereeniging..., pp. 8-9.

[125] R.L. Leigh, *Vereeniging - South Africa...*, p.92; F.O.F. van Aswegen, Die geskiedenis van Vereeniging..., pp. 9-11.

[126] TCV, File 190/16, vol.1, June 1939 - Sept. 1941: Letter, Vereeniging Estates - Town Clerk, 06.06.1939.

Vereeniging beïnvloed. Die eertydse beplanners het nie voorsien dat Vereeniging, veral ná 1939, tot 'n nywerheidsreus sou ontwikkel nie.

# TABEL 5.1 : VOORSTEDELIKE UITBREIDING VAN VEREENIGING, 1938 - 1989

| VOLGORDE VAN PROKLAMASIE | NAAM VAN VOORSTAD/UITBREIDING | DATUM VAN PROKLAMASIE | ADDISIONELE INLIGTING |
|---|---|---|---|
| 1 | Roodstuine | | Gestig 1935 - ingelyf by Mun. 1938 |
| 2 | Unitaspark | 6/11/1946 | Gestig 1935 - ingelyf by Mun. 1938 ; 6,6 ha residensieel |
| 3 | Peacehaven | 4/3/1942 | Gestig 1938 ; 109,6 ha industrieel en residensieel |
| 4* | Sharpeville | | Gestig 1942 ; vir swartmense ; ongeveer 480 ha |
| 5 | Powerville | 12/4/1943 | 91,1 ha industrieel |
| 6 | Drie Riviere | 9/10/1946 | |
| 7 | Drie Riviere Uitbr. 1 | 19/2/1947 | |
| 8 | Vereeniging Uitbr. 1 | 13/8/1947 | 102 ha |
| 9 | Homer | 6/7/1949 | |
| 10 | Drie Riviere Uibr. 2 | 17/1/1951 | |
| 11 | Steelpark | 7/2/1951 | |
| 12 | Powerville Uitbr. 1 | 27/2/1952 | 3,2 ha industrieel |
| 13 | Duncanville | 19/3/1952 | 500,7 ha industrieel en residensieel |
| 14 | Dickinsonville | 26/8/1953 | 24,6 ha industrieel |
| 15 | Risiville | 11/4/1956 | |
| 16 | Arconpark | 31/10/1956 | |
| 17 | Vereeniging Uitbr. 2 | 30/10/1957 | 25,4 ha |
| 18 | Leeuhof | 5/8/1959 | |
| 19 | Arconpark Uitbr. 1 | 27/3/1963 | |
| 20 | Arconpark Uitbr. 2 | 7/7/1965 | |
| 21 | Roshnee | 2/4/1969 | Indierwoonbuurt |
| 22 | Sonlandpark | 22/10/1969 | |
| 23 | Springcol | 10/6/1970 | |
| 24 | Duncanville Uitbr. 1 | 17/2/1971 | 47,8 ha |
| 25 | Rust-ter-Vaal | 4/8/1971 | Kleurlingwoonbuurt |
| 26 | Vereeniging-Wes | 4/8/1972 | |
| 27 | Bedworth Park | 23/8/1972 | |
| 28 | Arconpark Uitbr. 3 | 4/10/1972 | |
| 29 | Unitaspark Uitbr. 1 | 22/8/1973 | |
| 30 | Waldrif | 12/9/1973 | |
| 31 | Drie Riviere Oos | 23/10/1974 | |
| 32 | Falcon Ridge | 22/2/1978 | |
| 33* | Rust-ter-Vaal Uitbr. 1 | 27/5/1981 | Kleurlingwoonbuurt |
| 34* | Roshasia | 19/8/1981 | 12,3 ha industrieel vir Indiers |
| 35* | Dadaville | 4/4/1984 | Indierwoonbuurt |
| 36* | Risiville Uitbr. 1 | 25/4/1984 | |
| 37* | Duncanville Uitbr. 2 | 21/8/1985 | |
| 38* | Duncanville Uitbr. 3 | 7/5/1986 | |
| 39* | Roshnee Uitbr. 1 | 27/5/1987 | Indierwoonbuurt |
| 40* | Arconpark Uitbr. 4 | 25/1/1989 | |
| 41* | Rust-ter-Vaal Uitbr. 2 | 26/7/1989 | Kleurlingwoonbuurt |

Bron : W.F.S. Senekal, 'n Stedelik - geografiese studie van Vereeniging, pp. 140-141.

*) VS. Inligting verkry uit verskeie lêers van betrokke voorstede.